




Ek is seker baie van julle wat dié traktaat lees, wonder: *Waarom laat God storms in mens se lewe gebeur?* Of as Hy hulle nie maak gebeur nie, waarom laat Hy hulle toe? **Is Hy dan nie die God van liefde nie?**

**Ja, Hy is!**

Maar ek noem dit omdat God immers altyd in beheer is. Hy doen alles wat Hy doen of toelaat altyd **met 'n rede.** Wanneer God dus 'n storm in iemand se lewe laat gebeur, doen Hy dit met 'n bepaalde doelwit in gedagte.

**Wat is God se doelwit dan?** Onthou altyd: **Hy kan 'n storm stuur of hy kan een toelaat net wanneer Hy wil!**

**Maar wat ons moed gee en moet onthou, is: As jy een van God se kinders is, kan niks jou raak tensy dit sy bepaalde wil is nie. En nou terug na die eintlike vraag: Wat is God se doel met dit alles? Wat het Hy in gedagte vir jou en my?**

**Ten eerste: Waarom het ek die woord *anker* in die titel gebruik? Eenvoudig omdat ek vir jou 'n intelligente, logiese en ware antwoord oor God se doelwit met jou en my wou gee - soos dit in die Bybel staan!**

**Anders gestel, wat is dit in die Bybel wat die antwoord gee?**

**En ook, wat is die Bybel in der waarheid? En hoe dien die Bybel as ons anker in die storms?**




Eenvoudig gestel: die Bybel is die geskrewe verslag van God se openbaring van Homself, deur sy Woord, in die natuur, in die geskiedenis, deur die profete, en ten slotte deur die koms van sy Seun Jesus Christus. Die anker in die lewe van die gelowige is die Bybel, die Woord van God.

Ek vertrou dié kort traktaat sal jou help om te verstaan wat die Bybel nou eintlik is. Dis nie bloot papier vol swart ink nie!

Dus: Wat is dié boek wat ons die Bybel noem nou juis? Wat is dié anker?

**En hoe help die anker jou en my om die storms in die lewe te trotseer, die storms wat ons, of ons wil of nie, gaan beleef?**


'n Tonnel in die katakombes

Al gehoor van die katakombes? Ja, dis 'n doolhof van graftonnels onder die strate en geboue van Rome, baie waarvan eers in die afgelope dekades ontdek is. Die Romeine het die vroeë Christene vervolg. Om die soldate te ontduik, het hulle die katakombes gebruik om in die geheim kerk te hou.

En interessant genoeg: daar is 66 uitbeeldings van ankers in die rotsmure uitgekerf! Een wys 'n skip. Mens kan sien 'n storm woed, maar die skip se soliede anker hou hom veilig.


'n Gekerfde anker teen 'n rotsmuur in die katakombes




**Wat beoog God vir jou en my wanneer storms in ons lewe woed? Wel, die eerste ding waaraan ek dink, is:**

## #1 Hy wil ons aandag trek




***Onthou vir Jonas? Hy wou nie luister toe God wou hê hy moet Nineve toe gaan nie, toe stuur God 'n storm en Jona beland in 'n vis wat hom drie dae later op die strand by Nineve uitspoeg, net mooi daar waar God hom wou hê.***

***God trek ons aandag ook deur ons emosies, die goed waaroor ons sterk voel. Die Woord sê, in Matteus 6:21: "Want waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees." Emosies werk, want ons kan hulle nie misken nie. Wanneer ons sterk voel oor iets, kan dit mense om ons beïnvloed en ons help om God se wil uit te voer met die talent wat Hy ons gegee het.***

## #2 Omdat God wil hê ons moet aandag skenk aan 'n sonde in ons lewe



Jy het toegelaat dat iets in jou lewe uitbroei... Jy weet dit hoort nie daar nie, jy weet dit behaag God nie, jy weet dis nie regtig jy nie, nou gebeur wat? God stuur 'n storm om jou te laat luister, om jou oor jou lewe te laat besin, om jou bewus te maak van wat met jou skeel, wat fout is.

"Wie volgens hulle sondige aard leef, bedink immers die dinge van hulle sondige aard, maar diegene wat volgens die Gees leef, bedink die dinge van die Gees." (Romeine 8:5)

## So! Praat God met jou oor iets in jou lewe?

**Onthou bietjie: Jy kan God nie ontduik nie!** Jona het dit probeer en dit het nie gewerk nie.

As God op jou knoppie druk, wil Hy hê jy moet werk maak van wat ook al die steurnis in jou lewe is. En onthou, hoe langer jy draai, hoe kwaaier gaan die storm woed. Dit begin dalk as iets kleins, maar netnou-netnou is dit 'n tsunami, 'n getygolf!

**En dit net omdat jy nie wil erken God werk in jou lewe nie.**




Sommige mense hou hulle storms dig, diep in hul binneste, en sorg dat niemand daarvan weet nie. Daar is immers goed waaroor mens nie praat nie. Hulle trotseer die storms op hulle eie, alleen en stilweg. Tog ly hulle, of hulle iemand sê of nie.

Sommige storms duur net 'n kort rukkie, ander hou aan en aan. Die vraag is: hoe reageer jy? Hoe bied jy die storms in jou lewe die hoof?

**Luister net na wat God vir jou sê!**

***Jy moet van jou sondes GESKEI wees om met Christus GETROUD te wees.***
***Charles H Spurgeon***

## #3 God verwag jy moet iets prysgee



Hy wil hê jy moet van iets ontslae raak. Hy wil hê jy moet jou wurggreep op iets laat skietgee. En Hy wil dit hê, want Hy het iets beters vir jou in gedagte.

**Wat gebeur dus?** Hy stuur 'n storm om jou aan die dink te kry. Hy wil jou na daardie ding binne-in jou laat kyk en insien dat jy aan iets vasklou wat Hy nie in jou lewe wil hê nie.

**Moenie die GROOTKOP in die kerk probeer wees nie. Wees nederig, wees die minste. Die beste mens in die kerk is die een wat blymoedig die VLOERMAT is op wie almal hulle skoene skoonvee. Hy gee nie om wat met hom gebeur nie, solank GOD VERHEERLIK WORD.**
**Charles H Spurgeon**

DIT HET ONS ALMAL AL OORGEKOM. Jy reken dalk dit het eintlik niks met jou uit te waai nie. **DIT HET**!

Ons ken dit almal. Die sonde HOOGMOED is byvoorbeeld om oordrewe behep te wees met jouself, jou vernaamheid, prestasies, status en besittings.

Dié sonde word as opstand teen God beskou, want dit eien vir die mens die eer en glorie toe wat slegs Hom toekom.

**Waaraan klou jy vas wat God afkeur?**

## #4 Hy wil ons na sy beeld herskep



In Romeine 12:2 sê God ons moet ophou om ons aan te pas by die wêreld: "Julle moet nie aan hierdie wêreld gelykvormig wees nie, maar verander word deur die vernuwing van julle denke, sodat julle goed kan onderskei wat die goeie en aanneemlike en volmaakte wil van God is".

**Dit is God se hoofdoel: Om ons na sy Seun se beeld te vorm.**

In sy brief aan die Romeinse Christene skryf Paulus: "Want Hy het hulle wat Hy reeds tevore geken het, ook vooruit bestem om gelykvormig aan die beeld van sy Seun te word." (Romeine 8:29) In 1 Timoteus 1:5 voeg Paulus by: "Die doel van die opdrag is liefde uit 'n rein hart, 'n skoon gewete en 'n ongeveinsde geloof."



**Niemand wat hom nie in die allereerste plek by die beeld van God aanpas, sal Goddelike Leiding ontvang nie.**

# So wat doen God dan?

- **Een** – **Hy trek ons aandag.**
- **Twee** – **Hy maak werk van ons sonde.**
- **Drie** – **Hy laat ons ons aan Hom oorgee.**
- **Vier** – **Hy besiel ons om by sy Beeld aan te pas.**

## #5 Hy het 'n Doel: Hy wil ons toerus om Hom te dien



Nou vra ek jou: Watter storms ervaar jy in jou lewe? Wat pla jou regtig? Wat sou jy graag wou verander as jy kon? Wat veroorsaak vir jou pyn, hartseer, lyding en teleurstelling? Of miskien woede? Dalk is jy selfs vir God kwaad oor iets wat Hy in jou lewe laat gebeur het.

Vra God nou: As dit U Doel is, probeer U my aandag trek? Praat maar, ek luister, ek's die ene ore! Is daar sonde in my lewe? Wys my presies wat. Wat moet ek prysgee? Of dalk: Wat moet ek in my lewe verander? God, probeer U my toerus vir u Doel, om U te dien?



***Meestal hoef ons Hom nie te vra om ons te wys nie - ons weet gewoonlik wat fout is. Wees nederig voor God, praat minder en gee Hom kans om met jou te praat. God wil met jou persoonlik praat - gee Hom kans... en LUISTER!***

**Beste Vriend!** God het ons met 'n doel geskep, en jou lewe het 'n doel en betekenis. Omdat ons dit glo, is daar niks belangriker vir ons as om vas te stel wat daardie doel is nie. God se doel bly dieselfde, ongeag hoe Hy dit onthul het: in sy aardse lewe, in gesprek met die verlamdes of sy dissipels, of in gesprek met ons vandag. Wees 'n doener vir God! (Ek verwys na Jakobus 1:22.) **Die doel van die lewe is om God *jou* vir sy Doel te laat gebruik, nie jy *Hom* vir joune nie.**




***Skep moed uit die deernis van God se Woord!***
***(Hebreërs 6:19.)***

***Ons het hierdie HOOP as 'n veilige en stewige anker van die siel.***

## Die Slotsom



Jy het dié traktaat nou gelees en hopelik reg verstaan, want Jesus laat nie toe dat sy toehoorders sy woorde na willekeur vertolk nie. Hulle mag nie uitsoek wat hulle pas en eers toets om te kyk of dit werk nie. Jesus ken slegs een moontlikheid: eenvoudige oorgawe en gehoorsaamheid. Nie **vertolking of goedpraat** nie, maar **doen en gehoorsaam**. Dit is al manier om na sy Woord te luister.

Die storm kan oor die huis woed, maar ons Anker bly stewig vas in die lewenstorms wat sy Woord geskep het.

**Jesus het gepraat. Die Woord is syne, gehoorsaamheid vir ons.**

**Kontak Gideon gerus en leer meer van ons Salige Hoop en ons Anker vir die storms in die lewe!**

WhatsApp/Signal/Telegram:
+27 82 444 8189
**Gideon Pelser**
AWR Evangeliese Opleier
Gideon@awr.org

TRAKTAAT ® GEORGE ROSS, GIDEON PELSER


Die Bybel, en slegs die Bybel

**Het jy 'n vraag? Besoek: Gideon@PleaseConsider.Life**